SHORT TERM BROKERS
Value. Service. Trust

NUUSBRIEF 01

Geagte Kliënt

Met die einde van die jaar in sig, hoop ons dat u beplan vir ‘n aangename feestyd en gun ons vir u ‘n welverdiende ruskans.

Short Term Brokers beplan om in die toekoms 4 keer per jaar ‘n nuusbrief aan ons kliënte te stuur waarvan hierdie die eerste is.

In hierdie nuusbrief wil ons inligting met u deel en u wys op tendense in die versekerings bedryf. U is dan ook welkom om terugvoer aan ons te gee hieroor.

Wenke vir die Feesseisoen:

- As u sou weggaan, gee betyds aandag aan dinge soos koerante en pos wat rondlê, ‘n betroubare persoon om na u woning en diere om te sien en die moontlike installasie van ‘n tydskakelaar wat van u ligte aanskakel.
- Maak seker dat u kragproppe nie oorlaai is nie, daar nie onveilige koppelings of installasies is nie.
- Toets en maak seker u alarm is in ‘n werkende toestand.
- Is u voldoende verseker – Onlangse artikels in die media wys daarop dat 60% van gebou eienaars se geboue nie voldoende verseker is nie. STB stel voor u gee dringend aandag hieraan, as hulpmiddel is daar ‘n “Building Value Calculator” op ons webwerf wat u kan gebruik. (http://www.shorttermbrokers.co.za)
- Maak asseblief betyds seker dat u voertuig versien is sodat u veilig op verlof kan gaan. Kyk gerus na die artikel oor “tyre safety” op ons webwerf (http://www.shorttermbrokers.co.za/Articles/expiry.htm)

Ander uitstaande tendense wat u aandag vereis:

- **Misdaadposie in ons land**
  Die frekwensie en gepaardgaande geweld van misdaad is baie hoog en raak ons almal. Wees bedag op misdaad in belang van u lewe en u eiendom. Ons hoef nie in vrees te lewe nie, maar ons moet bewus wees dat elkeen van ons ‘n moontlike teiken is.

- **Hoë frekwensie van motor ongelukke**
  Al die versekeraars gaan gebuk onder die groot hoeveelheid motor ongelukke en gepaardgaande hoë herstelkoste van voertuie. Tensy daar ‘n drastiese afname in die frekwensie van ongelukke is in die volgende kwartaal sal daar defnitief premie aanpassings moet plaasvind vroeg volgende jaar. Ons versoek u dus om versigting te bestuur en ons so te help om u premie so laag as moontlik te hou.

- **Onverskilligheid teenoor eise en die koste wat dit meebring**
  Ons is in die gelukkige posisie dat ons kliënte verantwoordelike en lojale persone is en nie onverskillig is in terme van eise nie. Ons merk tog dat mense, in die algemeen, maklik skade afmaak as “my versekering sal betaal” en dan nie rekening hou met die negatiewe rimpel-effek wat onverskillige eise meebring nie. Wees versigtig dat so ‘n houding u nie negatief beïnvloed nie.

Ons kantore bly beman gedurende die Kerstyd en die personeel staan steeds gereed om u behulpsaam te wees met u korttermynversekeringsbehoeftes.

Geseënde Kersfees

Louis, Willie, Erika en Angelique